LAINGSBURG

MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY

Private Bag X4 Laingsburg 6900 Western Cape South Africa

Ontwikkeling Bl. 1,2 **Toerisme Bl. 2,3** **Tegnies Bl. 3** **Paasfees Bl. 4** **Verkeer Bl. 5** **Skole Bl. 5.6** **Marathon Bl. 6** **Sport Bl. 6,7** **Thusong Bl. 7** **Adverteer Bl.8** **Kompetisie Bl. 8**

ONTWIKKELINGSNUUS: SAAM KAN ONS LAINGSBURG 'N BETER PLEK MAAK!

AMBOREE: Dit het plaasgevind die naweek van die 27 & 28 Februarie 2009. 550 persone het die Jamboree besoek en van die dienste gebruik gemaak. Graag wil ons alle departemente bedank vir hul beskikbarheid en hul dienste wat hul gelewer.

Hoop om volgende keer meer persone daar te sien, spesiaal die persone wat op die Plase woon.

AANSOEK VIR BEURSE: Persone, studente wat besig is om te studeer en finansiële bystand benodig kan by die munisipale kantoor 'n draai kom maak. Inligting is beskikbaar om beurse te bekom.

Vir navrae kontack: Me G Pekeur. 083 553 2381

JEUG ONT-WIKKELING: Jeug Programme in Vleiland, Matjiesfontein en Laingsburg sal weer eerdaags begin. Graag wil ons die jeug uitnooi om meer betrokke te raak in die programme, nie net om in te skakel nie, maar ook om programme en projekte te identifiseer en deel te vorm van die koordineering van die programme en projekte.

Vir navrae kontack: Me G Pekeur. 083 553 2381

GOP PROSES: Die konsep Gop was goedgekeur op 31 Januarie 2009. Die dokument was tersae vir komentaar en byvoegings. 'n GOP Area Komitee Byeenkoms was op 7 Maart 2009 gehou om GOP Dokument te bespreek. GOP Verteenwoordigings vergadering was gehou op 9 Maart 2009 om Projekte te Prioritiseer. Die finale hersiende konsep GOP sal teen einde Maart voorgelê word vir goedkeuring deur die Raad.

Graag wil ons almal wat komentaar gelewer, toevoegings gemaak of om krities die dokument ontleed het bedank, dit maak die dokument 'n implementeerbare dokument.

MOOISTE TUIN KOMPITISIE: Die kompitisie was laas jaar uitgestel en graag wil ins huiseienaars aanmoedig om weer hul tuine in orde te kry. Ons beplan om werksessies te hou om persone met raad en inligting te bedien. Die beoordeling van tuine *(vervolg op bl. 2)*

(vervolg vanaf bl. 1)

sal vroeg in Oktober 2009 plaasvind terwyl die tuine nog in volle glorie sal wees.

Vir navrae kontack: Me G Pekeur. 083 553 2381

PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING: Graag wil ons persone aanmoedig om besighede (innoverent) te begin wat volhoubare groei kan moontlik maak.

Graag wil ons u meedeel dat ons binnekkort weer straatmarkte gaan begin om self bemagting kan aanmoedig, graag wil ons u uitnooi om nie hierdie geleentheid te ignoreer nie.

"QUOTES"

Die lewe skuld jou niks, maar hoe jy lewe het 'n impak op jou toekoms

Failure is just an event and not the person.
Wys jy gee om; Jou kind is my Kind & my kind is jou kind.

Love your neighbour as you love yourself.

Respek jouself, respekteer ander persone en jy sal gerespekteer word.

Doen goed aan ander en ander sal goed aan jou doen.

TOERISME NUUS

Laingsburg en omgewing is histories nie 'n Toerisme bestemming nie. Die ekonomie in die gebied is grootliks boerdery, met spesifieke fokus op skaap boerdery en vrugte verpakking in die Swartberg area.

Nuus vanuit die Toerisme en Museum kantoor

As deel van die Laingsburg Munisipaliteit se program vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling, is daar deur middel van die Geïntegreerde Ontwikkelings Program saam met gemeenskappe besluit om 'n veeldoelige toerisme sentrum in die area te vestig. Daar is befondsing ontvang vanaf Departement Ekonomiese, Landbou en Toerisme (DEAT) om die sentrum te befonds.

Konsultante was aangestel en het Laingsburg as die mees strategiese dorp vir die ontwikkeling van so 'n sentrum aangewys. Daar is toe voortgegaan om 'n argitek en bouers aan te stel en teen Augustus 2007 is die sentrum voltooi. Die sentrum is reg langs die N1 geleë waar dit die beste sigbaar vanaf die pad is. In Junie 2007 is 'n Toerisme Beampte vir die sentrum, Shaun Cloete, aangestel.

Die doel van die kompleks is tweeledig en word weerspieël deur die fasiliteite wat dit aanbied. 'n Vloed Museum, toerisme inligtings area, 'n area vir die uitstal en verkoop van plaaslike kuns en handwerk asook 'n buitelug onthaal area vorm deel van die sentrum se fasilteite. Die doel van hierdie fasiliteite is om toeriste vanaf die N1 te trek en te laat gebruik maak van die dienste en produkte wat deur die kompleks aangebied word. Die mikpunt is om uiteindelik plaaslike entrepreneurs kans te gee om die Toerisme industrie stroom te betree. Ekonomiese ontwikkeling sal ook verder gestimuleer word deur die afsetpunt waar plaaslike kunstenaars en handwerkers hul produkte kan uitstal en verkoop. Bo en behalwe hierdie fasiliteite sal die kompleks ook 'n internet fasiliteit aan besoekers verskaf in toekoms wat wil epos kyk of inligting bekom en sal geleenthede, soos storievertel aande, gereël word om plaas te vind rondom 'n gesellige vuurtjie in die klipkraal.

Die kantoor sal primêr toerisme inligting en aangaande die omgewing verskaf en sekondêr inligting aangaande die hele Sentraal Streek, asook die hoof toerisme roetes van die Weskaap Provinsie.

Tweedens is dit die sentrum se doel om ekonomiese ontwikkeling in die toerisme sektor in die gebied te stimuleer. Dit sal gedoen word deur saam met plaaslike inwoners projekte te identifiseer en implementeer wat sal lei tot produkontwikkeling, transformasie en werkskepping. Die sentrum sal ook bemarkingsmateriaal ontwikkel wat die aantreklikhede van Matjiesfontein area, Moordenaars Karoo, Koup en Seweweekspoort onder voornemende besoekers se aandag sal bring. Hierdie is die tipe produkte en besienswaardighede wat ontwikkel sal word om besoekers aan te moedig om die gebied te besoek.

Ons wil besoekers en plaaslike inwoners aanmoedig om die sentrum te besoek – ons bied graag inligting en sal ook u voorstelle en idees verwelkom.

Toerisme Projekte

WELKOM IN LAINGSBURG

Die plaaslike gemeenskap word uitgenooi om deel te kom wees en hulle hulp aanbied gedurende die Paas seisoen om motoriste en toeriste te verwelkom in Laingsburg en die Sentraal Karoo. Hierdie inisiatief word

jaarliks in gestel gedurende Paas naweek en Desember vakansie. *(vervolg op bl. 3)*

(vervolg vanaf bl. 2)

Deur middel van die verwelkomings projek dra ons by tot die bemarking en promosie van die Kaap Karoo Toerisme roete. Die boodskap wat ons tuis bring is, Stop en ontdek die Karoo. Die beplande projek betrek die plaaslike gemeenskappe direk en gee ook die nodige blootstelling aan hul as Toerisme vermaaklikheids produk.

Opleinding

Die Raad het in 2007 'n besluit geneem om behoeftige studente wat graag verder wil studeer te help met beurse, en het die Raad vir die 2de agtereenvolgende jaar beurse ter bedrae van R3000,00 per student uit betaal. 10 studente is in 2009 befonds.

Die Raad poog om met hierdie aksie voort te gaan en sal studente voortydig in kennis gestel word wanneer nuwe aansoeke ingedien moet word. Die Raad wil ook studente aanmoedig omdat daar beperkte aantal fondse beskikbaar is.

Tans is meneer Noel Klink, werkesuperintendent , besig met intense opleiding rondom waterwerke wat deur die Departement Waterwese aangebied word.

4 Algemene Werkers in Water- en riool, nl:

Jacobus Pieters, Willem Vaas, Martin Hermanus en Martin Visagie is huidiglik besig met 'n 18 maande "Learnership", alles betrekking op Waterdienste.

Die Raad verleen ook hulp aan aan menere Strydom en Smith om hulle sodoende te help in hulle taak om die rekenaaropleiding wat hulle aan die gemeenskap gee so effektief moontlik te doen.

Die Raad is ook van voorneme om 3 van sy Werkers te stuur vir opleiding in Elektrisiteit.

Navrae: Me. N. Gouws

KOM WEES DEEL VAN TOERISME

TEGNIESE DEPARTEMENT

Daaglikse Take: Herstel van watermeters , skoon maak van ons dorp , Riole, verwydering van misdromme en ander soos wat klagtes inkom vanuit gemeenskap.

Vullisverwydering: Besigheidsvullis : Maandae , Woensdae en Vrydae
Huishoudelike vullis : Dinsdae en Donderdae
Ook is die Blinkwa verantwoordelik vir skoonmaak van rioolputte op Maandae, Woensdae en Vrydae.

Tuinvullis: Donderdae en Vrydae.
Ook is dieselfde Trekkers Maandae tot Woensdae verantwoordelik vir die aanry van sand , gruis en ander take soos an hulle deurgegee.

Watervoorsiening: Watervoorsiening is 'n elke dag verantwoordelikheid. Laingsburg Munisipaliteit is daarop gemik om goeie en gesonde water aan u die gemeenskap te voorsien. Vir hierdie rede is 'n maatskappy aangestel om elke maand water kwalitet toetse te neem wat deur 'n laboratorium getoets word. Hierdie resultate is beskikbaar by die Munisipaliteit.

Projekte:

Mig

Laingsburg	:	Water Resources Upgrade - afgehandel
		Soutkloof Pipeline Investagation - afgehandel
		Strate en Stormwater – tans besig in Bergsig
Matjiesfonten	:	Water Reticulation – aghandel

Intern

Laingsburg	:	Spoedwalle – 90% afgehandel
		Klipmandjie in Breekwater – afgehandel
		Stomwater kanaal Bergsig – afgehandel
Matjiesfontein	:	Speelpark – 45% afgehandel

Hoof Tegniese Dienste: Noel Klink - 073 171 5896

PAASEES

Wat is Pase?

Pase is die hoogtepunt van die kerkjaar wanneer ons die opstanding van Jesus Christus uit die dood herdenk. Dit is byna asof die gelowiges die oorwinning op Paasfees nie genoeg kan vier nie, en daarom strek die vieringe van die opstanding oor vyftig dae! Die opstanding is so sentraal in die evangelie dat dit byna onmoontlik is om 'n Christen te wees en nie die opstanding te vier nie. Wie die opstanding werklik ernstig opneem, sal gou vind dat dit hier om veel meer gaan as oppervlakkige goedgelowigheid in die positiewe dinge in die lewe.

Paasfees wil ons in beweging bring. Die opstanding maak ons opstanding: die opwekking maak ons opgewek. Na Pase kan ons nie vrede maak met lyding en opgeregtigheid wat nog stuiptrekking van 'n bedeling sonder Christus is nie.

Wanneer vier ons Pase?

Paasfees kan ie losgemaak word van die Kruisgebeure nie. Die vier dae wat begin by die Donderdagaand en eindig by Paassondag, kan gesien word as een onafgebroke liturgie. Tydens hierdie vier dae beleef die pilgrim 'n Eksodus wat deur die dood na die nuwe lewe lei.

Op die Donderdagaand word die laaste Avondmaal herdenk, gewoonlik met die viering van die Nagmaal. Goeie Vrydag is die dag waarop ons die kruisiging van Jesus Christus herdenk. Op hierdie dag word die kerke gestroop van alle versiering en simboliek. Alleen die beker en die bord is daar om ons te herinner aan Christus se bittere lyding.

Stil Saterdag is die een dag waarop daar geen rituele voorgeskryf word nie. Op hierdie dag dink ons aan Christus in die graf en daarom is dit 'n dag van stille afwagting. Die stilte is nie sonder passie nie, maar vol gespanne awagting op die uitkoms van Christus se worsteling met die dood. Byna soos mense wat nie meer kan wag nie, die stryd maar ook van die wonder van die opstanding. Met die eerste teken van die nuwe dag, tradisioneel die eerste hanekraai (later het dit sonsopkoms geword), breek die vreugde van die oorwinning plotseling deur met die aansteek van die Paasligte of kerse, in sommige kerke word dit ook gevier met die bedizening van die doop en bevestiging van nuwe lidmate.

Simbole, rituele en gebruike in Paastyd

Ons word oorweldig deur die wonder van die opstanding. Ons nugterheid en beredeneerdheid word getemper deur die feestelikheid. Hierdie dramatise oomblike word op biae maniere gesimboliseer.

- Die sentrale simbool van Paasfees en die tyd daarna is lig wat deurbreek. Die opkomende son herinner ons elke dag aan Christus se oorwinning oor die dood.
- In die tyd van die opstanding is musiek weer baie belangrik. Die vreugde oor die opstanding is so groot dat dit ons laat oorgaan in Lofprysing.
- Hoewel die paaseier 'n kommersiële Paassimbool geword het, is die bedoeling van die versierde eiers om ons aan nuwe lede te laat herinner.
- In kontras met die van die Lydenstryd, word die oorwinning in Paastyd en veral met Paasfees gevier deur allerlei lekkernye te geniet.
- Die oorwinning is nie 'n private aangeleentheid nie, maar ook 'n openbare saak. Daarom is die gebruik om in hierdie tyd 'n optog in die strate te hou met musiek en simbole.
- Ons herinner mekaar op hierdie dag met die volgende woorde aan die grootste van alle dramas: "die Heer het opgestaan, die Heer het waarlik

opgestaan". In Paastyd word nuwe lewe gevier.

- In die Paastyd berei ons dus ook vor om die uitstorting van die Heilige Gees te vier.

Ten slotte – Die Munisipale Bestuurder en sy Personeel wens hiermee u elkeen 'n Geseënde Paasfees toe!

VERKEER

Laingsburg munisipale verkeersdepartment is tans besig met die oprig van 'n bestuurslisensie toetsbaan. Daar word be-oog om die toetsbaan met verkeers kantore in Bergsig langs die gemeenskap saal op te rig. Die doel van die toetsbaan is om diens nader na die publiek te bring, sodat ons inwoners van die dorp nie so ver moet ry om te gaan uitpasseer vir motorvortuig bestuurslisensies nie. Soos u alreeds weet is ons tans besig met leerlinglisensie en die omskakeling/hernuwing van huidige bestuurslisensies. Soos die vordering aangaan sal ons elke maand in die rubriek u, die gemeenskap op hoogte hou van die vordering.

Graag wil ek al die jong mense van Laingsburg aan moedig om te kom aansoek doen vir die aflê van hul leerling lisensie toets. Wanneer u skool verlaat en aansoek doen vir werk is een van die noodsaaklike vereistes om 'n bestuurders lisensie te hê. Sonder dit gaan u swaar werk kry. Wanneer die toetsbaan finaal klaar is het u reeds 'n leerling lisensie,dan hoef u nie te haas om een te kry nie. Die aansoeke sal dan baie inkom en die wagperiode sal dan baie langer raak as huidiglik. Ek doen weereens 'n beroep op die gemeenskap om hul leerlinglisensie te kom afhandel om sodoende teleurstelling te voorkom.

Op 06 Maart 2009 het een van die munisipaliteit se diens leweraars nl. TRAEPEACE 'n voertuig, 1.3 Ford Bantam bakkie geskenk. Die bakkie sal noodsaaklik gebruik word vir verkeers doeleindes. Graag wil die munisipale bestuurder, die munisipale raad asook die verkeers hoof hul opregte dank uitspreek teenoor die maatskappy vir hul donasie.

Verkeers Hoof: NA Hendrikse 0731487665

NOOD NOMMERS:
SAPD 023 551 8200 - Ambulans 10177 - Brandweer 073 148 7665 - Verkeer 073 148 7665 - Tegnies 073 171 5896

SKOLE NUUS

Matjiesfontein Primêr: Op 24 en 25 Maart 2009 word Matjiesfontein Primêr deur die Media besoek. Hierdie inisiatief word moontlik gemaak deur 'n organisasie genaamd SPESCOM, wat maandliks 'n donasie aan die skool skenk om hul telefoonrekening te betaal sowel as hul rekenaarlokaal instand te hou. Hierdie media groep gaan eers onderhoude voer met die leerders by die skool en daarna die leerders na hul huise vergesel. *Nog 'n hoogtepunt vir Matjiesfontein Primêr is dat hul nuwe graad R klas in die komende kwartaal geopen gaan word! Die datum sal nog bekend gemaak word.*

Laingsburg Hoërskool

10 Feb. 2009	19 Atlete van die Primêre Skool (ook 'n afdeling van Laingsburg Hoërskool) het deelgeneem aan die Setraal Karoo atletiek byeenkoms.
5 Feb. 2009 en 9 Feb. 2009 onderskeidelik	Northlink Kollege en CTU besoek die skool om Loopbaanuitstallings te hou en geleenthede in verdere studies te bespreek met die leerders.

23 Feb. 2009.	Die skool neem vir die EERSTE keer deel aan die Coca Cola Sokkertoernooi te Beaufort-Wes.
28 Feb. 2009	Georgio Miles en Dian Viljoen neem in Oudtshoorn deel aan die SWD Atletiekbyeenkoms.
7 Mrt. 2009	Dian is gekies om op in die SWD span deel te neem aan die Wes-Kaap Atletiek Kampioenskappe te Oudtshoorn.

Verder beplan die skool ook om op 18 April 2009 'n Gholfdag te hou waarin 80 spelers gaan deelneem uit alle dorpe binne die Suid-Kaap streek. Die skool is ook in afwagting vir inskrywings vanuit die Laingsburg gemeenskap en doen 'n beroep op plaaslike besighede vir borge.

Nog 'n hoogtepunt vir Laingsburg Hoêrskool is die Conquesta Olympiade - 'n kompetisie in Algemene Wêreld kennis, waarin verskeie leerders van die skool gaan deelneem. Hierdie kompetisie word ook vergesel met die "Science, Engineering & Technology" Olympiade. Die skool is baie opgewonde aangesien dit die eerste keer gaan wees dat die skool hieraan deelneem.
(vervolg op bl. 6)

(vervolg vanaf bl. 5)

Laingsburg Hoërskool spog ook met Internet-toegang vir sy leerders, wat dit moontlik maak vir leerders om in Laingsburg te wees en terselfdetyd enige plek in die wêreld te besoek.

Die skool is ook bevoorreg om 'n Prinsipaal te hê wat hom enige tyd van die dag of nag ontferm oor sy leerders en hul selfs in die hospitaal besoek. Ons wil ons opregte waardeering uitspreek teenoor Mnr. Colin Pedro en bedank hom ook vir sy toeganklikheid teenoor die leerders en alle rolspelers. Hou die spasie dop vir nuus oor Suid-Kaap Kollege, Die Christen Skool, Tuis-onderrig, Acacia Primêr en al ons kleuterskole in die Laingsburg area.

Laingsburg Munisipaliteit wens alle kleuters, leerders en studente 'n opwindede, leersame en suksesvolle maand toe!

Deur: Lesley-Ann Gouws (Rekenmeester)

LAINGSBURG KAROO MARATHON

Die 39ste Karoo Marathon vind hierdie jaar plaas op 12 September 2009. Die rede vir die vervroeging van die datum is om meer atlete kans te gee om die Karoo Marathon te hardloop. Veral die Kaapse atlete kon gewoonlik nie aan die Karoo deelneem nie , omdat die Kaapse 100myl dieselfde tyd as die Karoo marathon plaasgevind het .'N hele afvaardiging het afgesit George toe en met die bestuur van ASWD gaan praat om ons aan die hand te vat met die probleem wat ons jaarliks ondervind deur die feit dat Boland en WP se marathons met die Karoo bots. Die oplossing was egter dat ons die Karoo se datum moet verskuif. Dit gaan 'n wedloop wees om van te kies en te keur daar gaan 'n half mararthon (21,1km)'n ultra 80km en 'n 10km wedloop wees.'n nuwe borg het besluit om die eerste drie plekke vir mans sowel as vir die vroue vir die ultra marathon te borg.

1ste man – R10,000.00 1ste dame – R10,000.00
2de man – R5,000.00 2de dame - R5,000.00
3de man – R2,500.00 3de dame – R2,500.00

Ek wil alle Laingsburg atlete aanmoedig om hard te oefen vir hierdie geleentheid . Die Karoo kan deur 'n Laingsburger gewen word . Laingsburg atlete het die voordeel dat hulle op die roete kan oefen . Inskryfvorms sal eersdaags beskikbaar wees en almal word aangemoedig om dit te versprei veral wanneer daar by ander plekke besoek afgelê word of wanneer daar marathons buite Laingsburg gehardloop word .

Moet nie die volgende uitgwe misloop nie . Ons gaan gesels oor die spanbeker kompetisie , hoeveelheid inskrywings al ontvang is, en ASWD se deelname en hulp wat hulle gaan aan bied .

Karoo marathon nuus. Tot 'n volgende keer.

Petro Buys

SPORTGEBEURE IN LAINGSBURG 2009

Op die 1ste en 2de Mei vind daar 'n sportdag vir alle plaaswerkers in die Wes-Kaap te Oudtshoorn plaas. Ons beplan om plaaswerkers uit die Vleiland gemeenskap saam te neem wat gaan deelneem aan verskillende sportsoorte. Die sportsoorte wat gespeel gaan word is, rugby, sokker, netbal, toutrek, landlope, en inheemse spele soos bv. Skululu, klipgaatjie en driestokkies. Beaufort – Wes, Prince Albert en Leeu - Gamka se plaaswerkers gaan ook deelneem en tesame met Vleiland se plaaswerkers gaan hulle almal deel uitmaak van die Sentraal Karoo span. Ons nooi ook die plaaseienaars uit om saam met hul plaaswerkers aan die sportdag te kom deelneem. Vir verdere besonderhede oor die sportdag kontak: Jennifer Williams by tel: **023 5511 019** of sel **073 6941642**.

Graag versoek ons ook alle dames vanaf die ouderdom 18jr en ouer wat belangstel om netbal te speel om sodoende 'n klub te stig, om hulle name te kom ingee by René Smith.
Ons wil, wanneer die rugbyklub hul wedstryde speel, wedstryde saam met die verskillende spanne wat speel se netbalspanne reel.

Laingsburg United Rugbyklub se program vir die jaar is soos volg:

(vervolg op bl. 7)

(vervolg vanaf bl. 6)

DATUM	SPAN	WEG / TUIS
04 APRIL 2009	LAINGSBURG VS MOUNTAIN STARS	TUIS
25 APRIL 2009	SANDHILLS VS LAINGSBURG	WEG
02 MEI 2009	DE DOORNS VS LAINGSBURG	WEG
09 MEI 2009	LAINGSBURG VS THIST	TUIS
16 MEI 2009	PROTEA WES VS LAINGSBURG	WEG
23 MEI 2009	LAINGSBURG VS RDH	TUIS
30 MEI 2009	LAINGSBURG VS OVERHEX	TUIS
06 JUNIE 2009	EVERGREEN VS LAINGSBURG	WEG
	2DE RONDTE	
13 JUNIE 2009	LAINGSBURG VS ORCHARD	TUIS
27 JUNIE 2009	LAINGSBURG VS DE DOORNS	TUIS
04 JULIE 2009	LAINGSBURG VS SANDHILLS	TUIS
11 JULIE 2009	THIST VS LAINGSBURG	WEG
18 JULIE 2009	LAINGSBURG VS PROTEA WES	TUIS
25 JULIE 2009	RDH VS LAINGSBURG	WEG
01 AUG 2009	MOUNTAIN STARS VS LAINGSBURG	WEG
08 AUG 2009	OVERHEX VS LAINGSBURG	WEG
15 AUG 2009	LAINGSBURG VS EVERGREENS	TUIS

By die uitkloptoernooi te De Doorns vaar die spanne as volg : A-span verloor 15 – 7 teen Presidentliga span Rawsonville United.
B – span verloor 5 – 0 teen De Doorns United.
Vriendskaplike wedstryd teen Touwpark op 7 Maart verloor die B – span 5 – 0.
Die A – span wedstryd word na 15 minute in die 2de helfte gestop deur die skeidsregter na negatiewe spel aan albei kante met Touwpark wat voorloop 14 – 7.

Graag versoek ons ook alle Laingsburgers om die Rugby Klub te ondersteun wanneer die spanne tuis speel. Die Rugby Klub se dank gaan uit aan Mnr. Alwyn Nel van Nel Steenwerke vir die groot bydrae wat hy gemaak het deur rugbytruie vir die klub te skenk wat verseker dat die rugby klub weereens baie netjies gaan lyk as hulle die veld opdraf. Ook bedank die klub vir Mnr Pierre de Villiers van Engen Garage vir die bydrae wat hy gemaak het.

THUSONG DIENSSENTRUM

'n Plek waar u gehelp kan word

Die doel van die Laingsburg Thusong Dienssentrum (voorheen MPCC), is om 'n 1-stop dienssentrum te wees, waar inwonders toegang het tot informasie en dienslewering, deur verskillende diensverskaffers volgens die behoeftes van die inwoners. Hierdie doelstelling moet voorsien in die ontwikkeling en bemagtiging van ons inwoners om 'n beter lewe vir almal daar te stel. Kom besoek gerus die Thusong Dienssentrum.

Waar het dit alles begin?

Ons geskiedenis: Die behoefte vir 'n veeldoelige gemeenskapsentrum vir Laingsburg het reeds gedurende die vroeë 1990's ontstaan. Gedurende 2002 het die Laingsburg Munisipaliteit befondsing verseker vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en ESKOM vir die bou van die huidige Dienssentrum.

Uniekheid: Dit was belangrik dat die ontwerp van die gebou die uniekheid van ons dorp, asook sy inwonders en omgewing moes uitbeeld. Aandag moes gegee word aan die plantegroei van ons dorp en streek, die geologiese aspkete soos die reuse water skerpioen (omtrent 2 miljoen jaar oud) ontdek deur argeoloog John Arnord, die Januarie 1981 vloed, die windpomp (simbool van die Karoo), asook die trein (aanvanklike rede vir ons dorp se ontstaan).

Voltooiing en Inwyding: Fase een tot drie van die geboue is in September 2005 voltooi en die Dienssentrum is op 10 Desember 2005 amptelik ingewy. Huidiglik bestaandie geboue uit kantore, werkswinkels, 'n saal, een kombuis, nooddienste eenheid en 'n treintrok wat dien as restaurant. Sodra befondsing bekom is, sal die vroeë Kinder Ontwikkelingseenheid (Pre-skool) voltooi word.

Get your own 5 page website for only R1 000-00

Contact Webcraft 072 039 0184 http://webcraft.ws

TO LET

TO LET

TO LET

TO LET

TO LET

TO LET

Swart&Wit/Black&White
R350-00

Kleur/Colour
R600-00

Kontak die redakteur / Contact the editor
072 039 0184

TO LET

KOMPETISIE VIR HOËRSKOOL LEERLINGE

ONDERWERP: INTERRESANTE PERSOON OP DIE DORP

Skryf `n opstel van 450 woorde minimum in Afrikaans of Engels (opstel moet in handgeskrewe vorm ingehandig word).

SLUITINGSDATUM: Woensdag, 20 Mei 2009 – moet per hand ingehandig word by die navrae toonbank van die Laingsburg Munisipaliteit.

Prys vir wen opstel: Digitale Kamera

Die wen opstel sal in Junie 2009 se nuusbrief gepubliseer word, asook op Laingsburg Munisipaliteit se webtuiste. Navrae kan gerig word aan die redakteur by 072 039 0184